# WILD AFDELING

## OMGESKREWE GEBEURTENISSE

Vrekte of genadedood van die Versekerde Dier(e), wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind terwyl geleë op die Versekerde Perseel deur:

1. **Alle risiko's van vrekte** (indien as die tipe dekking in die bylae vermeld)

   enige toevallige gebeurtenis of siekte, maar uitgesluit vrekte van die Versekerde Dier(e) veroorsaak deur of wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit:

   1.1 Chemiese Immobilisasie;

   1.2 Dystokia/Distosie;

   1.3 Snotsiekte indien die Versekerde Dier 'n Buffel is;

   1.4 die Versekerde Dier(e) wat vervoer word deur enige vervoermiddel.

of

2. **Beperkte dekking** (indien as die tipe dekking in die bylae vermeld)

   'n regstreekse gevolg van brand, weerlig of ontploffing.

## Omskrywings

**Chemiese immobilisasie** sal vir die doeleindes van hierdie afdeling beteken die jag of pyl van die Versekerde Dier vir nie-verbruiksdoelstellings, spesifiek vir die behandeling van siekte of beserings of vir bestuursdoeleindes, deur die toediening van 'n chemiese middel of verdowingsmiddel deur middel van 'n ballistiese spuitnaald of pyl en die verdere toediening van die teenmiddel en die daaropvolgende vrylating van die dier.

**Dystokia/Distosie** sal vir die doeleindes van hierdie afdeling beteken obstruksie by geboorte wat natuurlike geboorte verhoed sonder ingryping van buite, veroorsaak deur, maar nie beperk nie tot, die posisionering of grootte van die fetus, grootte of probleme met of blokkasie van die geboortekanaal van die moeder of die grootte van die pelvisarea van die moeder.

**Versekerde dier(e)** sal beperk wees tot daardie dier(e) in die bylae aangedui wat ooreenstem met die "wildspesie" en "geslag" wat in die bylae vermeld word en indien so in die bylae gespesifiseer, identifiseerbaar is deur middel van die identifikasiekode van oorplaatjies, 'n foto wat unieke kenmerke uitwys of 'n mikroskyfienommer.

**Versekerde perseel** sal beteken binne die grense van die perseel in die bylae vermeld vir die betrokke item.

## SKIKKINGSGRONDSLAG

In die geval van 'n eis wat volg op die vrekte van die Versekerde Dier(e), onderhewig daaraan dat die versekerde bedrag nie oorskry word nie en enige eerste bedrag betaalbaar, sal die skikkingsgrondslag wees soos aangedui in die bylae teenoor elke item en sal dit wees of:

1. **Faktuurprys:** Die prys wat die Versekerde betaal het vir die Versekerde Dier(e) soos as bewys aangedui in die oorspronklike aankoopfaktuur. In die geval van versuim om die aankoopfaktuur voor te lê, sal dekking terugverander na die redelike markwaarde (soos hieronder uiteengesit) van die Versekerde Dier(e).

of

2. **Veilingprys:** Die prys wat die Versekerde betaal het vir die Versekerde Dier(e) soos as bewys aangedui in die veiling se aankoopdokumentasie. In die geval van versuim om die veiling se aankoopdokumente voor te lê, sal dekking terugverander na die redelike markwaarde (soos hieronder uiteengesit) van die Versekerde Dier(e).

of

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

3. **Redelike markwaarde:** Die prys betaalbaar in die mark vir die Versekerde Dier(e) van dieselfde spesie, ouderdom, geslag, kleur en kondisie as die Versekerde Dier(e) onmiddellik voor die vrekte van die genoemde dier(e).

of

4. **Ooreengekome waarde:** Die waarde soos ooreengekom tussen die Versekerde en die Maatskappy. Sodanige ooreengekome waarde sal geldig bly tot en met die volgende hernuwingsdatum (of jaarlikse hersieningsdatum indien die polis deur middel van ‘n maandelikse debietorder betaal word) en die skikkingsgrondslag sal terugverander na die redelike markwaarde vir die nuwe versekeringstydperk indien daar geen skriftelike ooreenkoms tussen die Versekerde en die Maatskappy bestaan nie wat die huidige ooreengekome waarde verleng of tot ‘n veranderde ooreengekome waarde.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Bykomend tot die uitsluitings onder die Omskrewe Gebeurtenisse, is die Maatskappy nie aanspreeklik nie in verband met verliese wat regstreeks of onregstreeks die gevolg is van of wat voortspruit uit:

1. Enige opsetlike, kwaadwillige of doelbewuste besering of vergiftiging deur die Versekerde of enige werknemer of verteenwoordiger of enige ander persoon, uitgevoer met die medewete en toestemming van die Versekerde;
2. Enige gebeurtenis wat verband hou met of voorspruit uit:
   - 2.1 vrywillige afstanddoening van eienaarskap weens bedrieglike skemas of enige ander valse voorwendsel;
   - 2.2 wildstropery, met inbegrip van renosterstropery vir hulle horings;
   - 2.3 diefstal;
   - 2.4 predasie;
   - 2.5 versuim om redelike sorg en voorsorg te tref;
3. doelbewuste slagting of vernietiging van die Versekerde Dier(e) ter nakoming van die vereistes van enige wetsbepaling of enige bevel van ‘n regeringsdepartement, plaaslike owerheid of persoon wat regsbevoegdheid in die aangeleentheid het, behalwe:
   - 3.1 indien die Maatskappy uitdruklik en skriftelik tot die vernietiging van die dier ingestem het;
   - 3.2 in geval van beserings of siektes wat om humanitêre redes die onmiddellike slagting vereis en waar ‘n gekwalifiseerde veearts, wat deur die Maatskappy aangestel is, skriftelik sertifiseer dat die lyding ongeneeslik en van sodanige omvang is dat slagting onvermydelik is,

   met dien verstande dat die Maatskappy die geleentheid gegee sal word om ‘n nadoodse ondersoek deur ‘n gekwalifiseerde veearts te laat uitvoer wat deur die Maatskappy aangestel is, sou die Maatskappy dit so verlang;

4 indien die Versekerde Dier(e) buite die gebiedsperke van die Versekerde Perseel is, tensy daar skriftelike kennisgewing van sodanige hervestiging aan die Maatskappy gegee word en die Maatskappy skriftelik daartoe instem;

5 die Versekerde Dier(e) aangekeer, bymekaargemaak of gevang word vir ‘n veiling òf op die Versekerde Perseel òf ter voorbereiding vir vervoer na ‘n veiling by ‘n ander perseel;

6 vir vrekte regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of as gevolg van:
   - 6.1 enige snykundige operasies tensy uitgevoer deur ‘n gekwalifiseerde veearts en deur hom gesertifiseer as synde noodsaaklik te wees uitsluitlik vanweë ‘n ongeval, siekte of kwaal regstreeks veroorsaak deur ‘n versekerde Omskrewe Gebeurtenis of enige versekerde uitbreiding ingevolge hiervan en dat sodanige snykundige operasie uitgevoer word in ‘n poging om die Versekede Dier se lewe te red;
   - 6.2 die toediening van enige medikasie tensy deur ‘n gekwalifiseerde veearts of ‘n ervare persoon onder sy toesig. Die gekwalifiseerde veearts moet sertifiseer dat sodanige medikasie as ‘n voorsorgmiddel toegedien is of dat dit noodsaaklik geword het vanweë ‘n ongeval, siekte of kwaal regstreeks veroorsaak deur ‘n versekerde Omskrewe Gebeurtenis of enige versekerde uitbreiding ingevolge hiervan. Vir die doeleindes van hierdie uitsluiting sluit die term medikasie enige geneesmiddel, hormoon, vitamien, proteïn of enige ander middel, behalwe suiwer voedsel en

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

vloeistof, in;

6.3 gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, oponthoud, verlies aan markte, waardevermindering of veranderings wat deur natuurlike oorsake teweeggebring word.

7. Versekerde dier(e) terwyl buite die Republiek van Suid-Afrika.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Indien die Versekerde Dier(e), by die aanvang van enige omskrewe gebeurtenis of uitbreiding waarteen dit hierin verseker is, gesamentlik ‘n groter waarde het as die versekerde bedrag hierin, dan sal die Versekerde as sy eie versekeraar geag word vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig ‘n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

   Hierdie voorwaarde sal slegs van toepassing wees indien die “Grondslag” soos in die bylae vermeld, aangedui word as “Ongespesifiseerd met ‘n maksimum waarde per dier”.

2. Dit is ‘n voorwaarde van hierdie afdeling vir Omskrewe Gebeurtenis 1 dat die dekking vir vrekte weens enige oorsaak (buiten as ‘n regstreekse gevolg van brand, weerlig of ontploffing) slegs ‘n aanvang sal neem 30 dae nadat die Versekerde Dier(e) aan die plaas blootgestel is;

3. Dit is ‘n voorwaarde van hierdie afdeling vir Omskrewe Gebeurtenis 1 (buiten vrekte as ‘n regstreekse gevolg van brand, weerlig of ontploffing) dat die Versekerde Dier(e) identifiseerbaar moet wees deur middel van mikroskyfies, oorplaatjies of foto’s wat unieke kenmerke uitwys;

4. Dit is ‘n voorwaarde van hierdie afdeling vir Omskrewe Gebeurtenis 1 (buiten vrekte as ‘n regstreekse gevolg van brand, weerlig of ontploffing) dat elke Versekerde Dier by die aanvang van hierdie versekering in goeie gesondheid verkeer en vry is van enige kwaal, siekte, lamheid, besering of ongeskiktheid;

5. Met die afsterwe van ‘n kalf indien die koei en kalf gespesifiseer en onder Omskrewe Gebeurtenis 1 verseker was met een gekombineerde versekerde bedrag, sal die Maatskappy se aanspreeklikheid vir die kalf hoogstens 20% beloop van die gekombineerde versekerde bedrag.

6. Die Versekerde sal te alle tye alle redelike voorsorg tref en die Versekerde Dier(e) beskerm teen verlies of gevaar van verlies, ongeval of siekte en sal aan alle redelike maatreëls en voorskrifte voldoen wat deur die Maatskappy of ‘n gekwalifiseerde veearts in diens van die Maatskappy uitgereik word.

7. Die Versekerde Dier(e) mag nie sonder die Maatskappy se skriftelike toestemming permanent van die Versekerde Perseel vermeld in die bylae verwyder word nie.

8. Dekking is onderhewig aan die nakoming van alle wetgewing met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, wette, regulasies en verordeninge van enige regering onder wie se jurisdiksie die diere val in verband met die vervoer, hantering en aanhou van wild. Die Versekerde moet bewys kan lewer van sodanige nakoming indien die Maatskappy dit versoek.

9. Indien die grondslag wat in die bylae aangedui is, lees “Ongespesifiseerd, met ‘n maksimum waarde per dier”, dan is dit ‘n voorwaarde dat die Versekerde, tensy andersins skriftelik ooreengekom deur die Maatskappy, alle diere moet verklaar en verseker wat pas binne die beskrywings van “wildspesies” en “geslag” soos in die bylae vermeld ten opsigte van die betrokke item. Die Maatskappy sal ooreenkom om sekere diere uit te sluit vir redes soos bestaande swak gesondheid of besering.

10. In geval van ‘n gebeurtenis wat tot ‘n eis aanleiding gee of wat tot ‘n eis aanleiding kan gee:

    10.1 Siekte of ongeval van die Versekerde Dier(e): Die Versekerde moet binne 24 uur kennis gee aan die Maatskappy van enige siekte of ongeval van enige Versekerde Dier(e). Die Versekerde moet dadelik, op sy eie onkoste, voorsiening maak vir voldoende versorging en behandeling deur ‘n Veearts en sy verslag moet binne 14 dae aan die Maatskappy voorsien word tesame met die voltooide eisvorm. Indien die Versekerde Dier(e) onlangs vervoer is, moet die vragbrief wat by ontvangs van die diere geteken is, die eisedokumentasie vergesel.

    10.2 Vrekte van die Versekerde Dier(e): Die Versekerde moet binne 24 uur kennis gee aan die Maatskappy van die vrekte van enige Versekerde Dier(e). Die Versekerde sal aan die Maatskappy die geleentheid

Vir interne makelaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

bied om die karkas te inspekteer en sal nie die karkas sny of daarvan ontslae raak nie voor die verstryking van 24 uur vanaf sodanige kennisgewing aan die Maatskappy, tensy dit vereis word ter nakoming van enige toepaslike wetgewing of regulasies. Die Versekerde sal, binne 14 dae vanaf sodanige vrekte, die Maatskappy van 'n voltooide eisvorm voorsien, tesame met alle ander inligting wat verlang mag word, met inbegrip van en op sy eie onkoste, die sertifikaat van 'n gekwalifiseerde veearts wat die oorsaak van die vrekte aandui en bevredigende bewys van die vrekte, identiteit en waarde van die dier.

10.3 Indien die Maatskappy beweer dat die dier se vrekte uit 'n uitgeslote oorsaak spruit, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

10.4 Indien die Maatskappy die eis toelaat en na die tydperk soos in 10.2 vermeld, mag die Versekerde tot beste voordeel van die karkas ontslae raak en die bedrag wat die verkoop van die karkas oplewer, word teen die bedrag van die eis gereken.

11. Waar die Versekerde by die Maatskappy aansoek gedoen het, deur middel van 'n skriftelike aansoekvorm (inligtingsvorm), sal sodanige inligting wat daarin verklaar is, geag word by hierdie afdeling ingesluit te wees.

12. Indien die Maatskappy aanspreeklikheid aanvaar vir enige eis wat ingedien word, met betrekking tot enige eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae vermeld word:

12.1 sal die Versekerde verantwoordelik wees vir sodanige eerste bedrag betaalbaar, maar sodanige eerste bedrag betaalbaar sal ook gesien word as betaling vir enige herwinningswaarde verskuldig vir die vleis, vel en trofee;

12.2 indien geen karkas bestaan nie, is die volle eerste bedrag betaalbaar steeds verskuldig deur die Versekerde en geen vermindering sal toegepas word nie weens die feit dat geen karkas bestaan nie;

13. Niks in 12.1 sal impliseer dat die Versekerde outomaties 'n reg oor enige karkas het nie en olifanttande of renosterhorings mag nie as herwinningsgoedere deur die Versekerde gehou word nie.

14. In die geval van renosters en olifante, sal die Versekerde die renosterhoring of olifanttande aan 'n Nasionale Parkeraad oorhandig soos deur die Maatskappy bepaal, binne 'n redelike tydperk na aanvaarding van aanspreeklikheid en die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees om enige eis te betaal nie voor die genoemde besorging van die renosterhoring of olifanttande. Skriftelike bewys moet aan die Maatskappy gestuur word nadat sodanige aflewering van die horing of tande plaasgevind het.

15. Die minimum ouderdom vir dekking ingevolge hierdie afdeling vir enige Versekerde Dier is 3 maande, op voorwaarde dat die ouderdom van elke Versekerde Dier identifiseerbaar is alvorens dekking toegestaan word. Die maksimum ouderdom vir bokspesies is 15 jaar en 25 jaar vir buffels en renosters.

16. Dit is 'n voorwaarde van hierdie afdeling vir Omskrewe Gebeurtenis 1 dat 'n Veeartssertifikaat, per dier, aan die Maatskappy voorsien word binne 5 dae vanaf inwerkingtreding van dekking of binne sodanige tydperk soos skriftelik ooreengekom deur die Maatskappy, wat bevestig dat die Versekerde Dier(e) gesond is en vry van enige sigbare siekte, kwaal, lamheid, besering of fisiese gebrek. 'n Veeartssertifikaat sal nie vereis word nie indien bewys gelewer kan word dat die Versekerde Dier aaneenlopend verseker was ~~nie,~~ deur middel van 'n voorafgaande Transitopolis van die Maatskappy waar 'n Veearts reeds 'n sertifikaat uitgereik het as bewys dat die dier gesond en siektevry was.

17. Alle voordele ingevolge hierdie afdeling met betrekking tot Versekerde Dier(e) sal onmiddellik staak sodra sodanige dier nie langer in die Versekerde se besit is nie.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

## Vangkoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om dekking te verskaf vir redelike koste en uitgawes deur die Versekerde aangegaan wat noodsaaklik is vir die vang van die Versekerde Dier(e) na uitbreek/ontsnapping van die Versekerde Dier(e), met dien

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

verstande dat:

1. die Versekerde Dier(e) identifiseerbaar moet wees deur middel van

   1.1 Mikroskyfies of

   1.2 oorplaatjies of

   1.3 foto's wat unieke kenmerke uitwys;

2. dekking onder hierdie uitbreiding onderhewig is aan dieselfde eerste bedrag betaalbaar van toepassing op die versekerde item ingevolge waarvan die Versekerde Dier(e) gedek is;

3. die Maatskappy se maksimum aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding beperk is tot die minste van:

   3.1 werklike koste aangegaan, maar beperk tot die persentasie (soos in die bylae vermeld) van die versekerde bedrag van die ontsnapte Versekerde Dier(e), of;

   3.2 die geldelike bedrag in die bylae onder hierdie uitbreiding vermeld teenoor "versekerde bedrag (maksimum)";

4. die wildvangproses van die Versekerde Dier(e) uitgevoer moet word deur 'n gekwalifiseerde wildvang-en-hanteringsonderneming;

5. die Versekerde al die kostes aangegaan kan staaf;

6. hierdie uitbreiding dek nie vangkoste weens die uitbreek/ontsnapping van Versekerde Dier(e) nie wat voortspruit uit of as 'n gevolg van die aktiwiteite van Chemiese Immobilisasie;

7. geen bedrag deur die Maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar sal wees nie indien die Versekerde Dier(e) nie teruggevind en gevang word nie.

## Karkasverwydering (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word, word hierdie afdeling uitgebrei om dekking te verskaf vir die werklike koste wat noodsaaklikergewys deur die Versekerde aangegaan is in die opruiming of verwydering van karkasse wat volg op die vrekte van enige dier(e) wat ingevolge hierdie afdeling verseker is.

## Chemiese Immobilisasie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Uitsluiting 1.1 van Omskrewe Gebeurtenis 1 word geskrap en hierdie afdeling word hiermee uitgebrei om dekking te verskaf vir:

1. Vrekte of genadedood van die Versekerde Dier(e), veroorsaak deur of as gevolg van:

   1.1 toevallige eksterne besering(s) wat opgedoen word terwyl Chemiese Immobilisasie ondergaan word;

   1.2 enige negatiewe reaksie wat volg op die toediening van die chemiese verdowingsmiddel terwyl Chemiese Immobiliasie ondergaan word met inbegrip van enige negatiewe reaksie as gevolg van enige ander onbekende mediese toestand wat vooraf bestaan het;

2. Vrekte doelbewus veroorsaak deur 'n Professionele Jagter, gedurende die aktiwiteite van Chemiese Immobilisasie, alleenlik ter verdediging van menselewens.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

### Spesifieke uitsluitings van toepassing op hierdie uitbreiding

Hierdie uitbreiding sluit nie dekking in nie, vir:

1. Vrekte van die Versekerde Dier(e) waar sodanige vrekte alleenlik voorkom meer as 72 uur nadat die Versekerde Dier(e) Chemiese Immobiliasie ondergaan het;

2. Vrekte regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of as gevolg van sielkundige afwykings, siektes, kwale of temperatuurskommelinge (buiten soos voorsiening gemaak onder 1.2 hierbo);

3. Enige Chemiese Immobilisasie vir mediese redes of chirurgiese prosedures, tensy dit uitgevoer word deur 'n gekwalifiseerde Veearts.

**Spesifiekevoorwaardes van toepassing op hierdie uitbreiding**

Dekking ingevolge hierdie uitbreiding is onderhewig aan die volgende Spesifieke voorwaardes:

1. Versekerde Diere mag slegs een keer in enige tydperk van 6 maande Chemiese Immobilisasie vir bestuursdoeleindes ondergaan. Rekords van elke Chemiese Immobilisasie moet deur die Versekerde gehou word en aan die Maatskappy voorsien word in die geval van ‘n eis.
2. Waar die Versekerde Dier(e) enige lewensbedreigende reaksie van enige aard ervaar as ‘n regstreekse gevolg van die chemiese middels, ongeluk of besering gedurende of as gevolg van Chemiese Immobilisasie, moet die Versekerde Dier(e) op so ‘n wyse deur ‘n Veearts behandel word dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie benadeel wordnie.
3. Vangs- en vrylatingsmedisyne, -middels en chemiese middels wat toegedien word moet toepaslik wees vir die Versekerde Dier(e) en moet deur ‘n Veearts gekies, voorberei en toegedien word, tensy andersins ooreengekom deur die Maatskappy.
4. Omvattende aantekeninge van enige Chemiese Immobilisasie wat onderneem word, moet deur die Versekerde gehou en aan die Maatskappy beskikbaar gestel word op versoek, in die geval van ‘n eis.
5. In die geval van ‘n eis moet omvattende skriftelike verslae van die Veearts en die Professionele Jagter wat die besonderhede van die verlies omskryf, gehou en aan die Maatskappy voorsien word.

## Dystokia/Distosie (indien in die skedule as ingesluit vermeld)

Uitsluiting 1.2 van Omskrewe Gebeurtenis 1 word geskrap, met dien verstande dat:

1. die eerste bedrag betaalbaar soos aangedui onder hierdie uitbreiding in die bylae is ‘n bykomende eerste bedrag betaalbaar wat deur die Versekerde betaalbaar is bykomend tot enige ander eerste bedrag betaalbaar soos aangedui in die bylae ten opsigte van die wild;
2. vrekte as gevolg van Dystokia/Distosie wat gedurende transito plaasvind, bly uitgesluit.

## Noodlottige besering (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om vergoeding vir die dood van enige werknemer van die Versekerde, as gevolg van ‘n besering opgedoen deur enige aksie van ‘n Versekerde Dier(e) in te sluit, met dien verstande dat:

1. die dood binne 3 maande vanaf sodanige besering moet voorkom;
2. vergoeding aan die direkteure, eksekuteure of administrateurs van die oorlede werknemer se boedel sal uitbetaal;
3. vergoeding beperk is tot die bedrae vermeld in die bylae per persoon, per gebeurtenis en per versekeringstydperk (indien die premie maandeliks per debietorder betaal word, word die woorde “per versekeringstydperk” verander om te lees “vir enige enkele tydperk van 12 agtereenvolgende maande vanaf die polis se inwerkingtreding of die polis se jaarlikse hernuwingsdatum”).

## Veeartsuitgawes (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Dekking onder hierdie afdeling word uitgebrei om die koste van Veeartsfooie in te sluit wat aangegaan is vir die behandeling van die Versekerde Dier(e) alleenlik ter voorkoming van die Vrekte van ‘n Versekerde Dier deur ‘n andersins versekerde verlies ingevolge hierdie afdeling met dien verstande dat:

1. die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy per Versekerde Dier sal hoogstens die persentasie beloop (soos in die bylae onder hierdie uitbreiding aangedui) van die versekerde bedrag van die Versekerde Dier;
2. indien meer as een Versekerde Dier geaffekteer word in ‘n enkele gebeutenis of verskeie gebeurtenisse wat uit ‘n enkele oorsaak voortspruit, is die maksimum bedrag betaalbaar onder hierdie uitbreiding beperk tot die bedrag aangedui in die bylae onder hierdie uitbreiding teenoor “versekerde bedrag (per gebeurtenis)”;
3. die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy onder hierdie uitbreiding sal in totaal beperk wees gedurende enige enkele versekeringstydperk (indien die premies maandeliks per debietorder betaal word, word die woorde “per versekeringstydperk” verander om te lees “vir enige enkele

Vir interne makelaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

tydperk van 12 agtereenvolgende maande vanaf die polis se inwerkingtreding of die polis se jaarlikse hernuwingsdatum") tot die bedrag vermeld in die bylae onder hierdie uitbreiding teenoor "versekerde bedrag (per versekeringstydperk)";

4. die Versekerde Dier alreeds beseer is of 'n siekte opgedoen het wat verseker is deur n omskrewe gebeurtenis of versekerde uitbreiding en nie as 'n blote voorkomende aksie vir moontlike toekomstige siektes of versekerde verliese nie;
5. die besering of siekte van so 'n aard of omvang is dat dit die vrekte van die Versekerde Dier tot gevolg sou hê indien die veeartsenykundige ingryping nie deur die Versekerde in werking gestel is nie;
6. 'n veeartssertifikaat wat punte 4 en 5 bevesig aan die Maatskappy voorsien is tesame met die eisvorm en ander eisedokumentasie;
7. die besering plaasgevind of die siekte opgedoen is gedurende die versekeringstydperk en nadat hierdie uitbreiding in werking getree het;
8. geen eerste bedrag betaalbaar op hierdie uitbreiding van toepassing sal wees nie;
9. die Versekerde Dier oorleef.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge